**BRITSTOWN**

7 Vrywilligers van die plaaslike gemeenskap het die FARR Britstown personeel Rita Mentz (Projekkoördineerder) en Eldene Kok (Gemeenskapswerker) gehelp om T-hemde te verf vir die 9de September Internasionale Fetale Alkohol Spektrum Afwyking (FASA) Dag. Dit was die eerste FASA-gedenkdag wat in Britstown gehou word. Die plaaslike kerkklokke was ook op 09/09/2020 om 09:09 gelui word ter bewusmaking van hierdie gedenkdag.




fair





Op 9 September om 09:00 het die amptelike FASA Dag verrigtinge by die FARR kantoor in Britstown afgeskop deur ‘n kort toespraak gelewer deur die FARR Projekkoördineerder, Rita Mentz. Daarna het die Britstownspan, asook vrywilligers vanuit die gemeenskap met hul geverfde T-hemde, elkeen 'n spesifieke gedeelte van Britstown besoek om sodoende voorkomings- en bewusmakingsinligting asook FASA knope met soveel moontlik mense te deel.


farr
Die bottel
of die baba


farr
Die bottel
of die baba
BABA
SOEK




Lede van Britstown gemeenskap met hul geverfde T-hemde ter ondersteuning van FASA Dag

Die plaaslike Echo koerant in die De Aar, Renosterberg en Britstown omgewing, het 'n berig geplaas oor die Internasionale FASA Dag verrigtinge in Britstown. Ons is trots op die Britstown span!



**Die span van FASA wat die afgelope naweek deel was van die program op Britstown. Op die foto verskyn agter v.l.n.r: Rimona Booysen, Anneline Steynsburg, Colette Vaast, Jerome Isaacs en Eldene Kok. Voor v.l.n.r: Riëtte Rooi, Lee-Ann April en Michelle Wilskud.**